

DROOM

Daar was eenmaal 'n droom wat gehou het in die holtes van 'n vername man se brein. Die vername man het nie kinders gehad nie, of dink nie so nie, en sy vrou het ook al lankal stil geword in haarself. Sy het niks geweet van sy droom nie. Haar droë dae het droë jare geword en die bronne van hormone het later maar verkrimp. Maar die droom het van almal geweet, en niks was 'n raaisel in die droom nie.

Bedags was daar eers net die flertse van beelde uit die droomwêreld en uit die verlede. Die Vername Man kon nog opstaan by 'n dinee, met sy skraal vingers plathand sy manel reg stryk, en met verfynde kwinkslae en taal sy gehoor vermaak. Party groot ophemel, ander sag afkraak. Nooit 'n stink grap of 'n vuil woord. Sy vrou was stil en teruggetrokke en hy het haar nooit verleë probeer maak. Maar gaandeweg het die droom werklikheid geword en die wêreld 'n droom.

Die droom het leer tel. Een, twee, drie...sien. Die droom kon ook maal en deel. Blits-snel was die antwoord altyd daar. Nugter weet wat die antwoord. Reg of verkeerd. Die antwoord IS reg. Nugter moes sy bek hou. Die gevolge van die antwoord is deur die droom bepaal. Droom was altyd reg. Soms het die syfers net gekom. duisend een-en-veertig en net droom het geweet waarom. Droom was reg, want die syfers het gekom om sy bestaan te bevestig.

Soms het droom verkies dat die Vername Man se eie natuur oorneem. Hy het die verskynsel van agterkoppe tussen hande op skote bewonder. Elke geleentheid gesoek vir nog een vertoning. Blonde en donker koppe. Kroes. Styl. Glad. Blink. Stink. Kort. Lank. Berook. Geperm. ge-gel. Party keer helder oordag, ander kere by die lig van die maan of kafee se neon. Dit was altyd in die motor. Die saaklike behoeftes wat so berekend afgehandel en beklink word. Koud en klinies, maar hemels en heftig. Gefassineerd het droom behep geword.

Terwyl Droom hom verkyk aan die slurpende, stikkende, moeras mens massa kop. En weer. Nooit tevrede. Want altyd het die saaklike behoefte aktueel gebly. Altyd weer. Elke keer net heftiger en dringender.

Die Vername Man sien toe dat die droom vernaam en reg is en hy minder vernaam is en meestal verkeerd ook. En sy brein kan verslap tot muf en Droom kon doen wat hy moes. Daar was al hoe minder tyd vir toespraak, afspraak of wen spraak. Net skraal vingers wat 'n verlate lessenaar in 'n stil kantoor vierkantig reg hou. Die foto met die skaam jong vrou uit 'n vroeër tyd op byna die regte hoek met die lessenaar, die vertrek, venster, met die heeal. Kort-kort is die bliksemse ding weer uit lyn. En Droom verwyf met afsku. Skel met pyn. Die voorheen vername man koes en kwyn soos dit tref

Afsprake by die dokter word sielkundig in inkkolle op papier tot 'n ander wêreld se werklikhede verhef. Vrutjie uit die ou tyd knik net die kop stom en betaal nog 'n skisofrene rekening, besoek dan weer die pater by die kerk vir bietjie verligting. Verlossing en vergifnis as die opwinding taan.

Vir die Vername Man word die blokkies op die tapyt by die dag groter en moeiliker om mis te trap. En Droom straf elke misstap soos misdad met vuur vlamme wat die murg in sy ruggraat wil verteer. 'n Misstap wat amper gesoek word sodat die vrees verlos kan word van die vrees. Fetaal ge-paddastoel vir verlossing maar die lintwurm klou aan die naeltjie.

Maar toe wou die kop net praat en lag en kots van drank en tussen hande skree en stik en Droom sien die bloed spat soos vonke teen die motordak en voorruit en dashboard. Haar cheap parfuum vermeng met die stank van braaksel en bloed en brein. Vermomloos naak die skedel oop gedop ... duisend-een-en-veertig tik dit in Droom se kop. Stil raak die moeras massa mens. Droom sien die Verslae Man, amper asof hy droom, sy hande krampagtig aan haar rok skoonvryf, afvryf en vryf. Vryf. Duisend-een-en-vyftig. Dan... Die rok versigtig stadig optrek na waar haar broekie sit. En Droom wonder... Die rek eenkant toe trek en kyk. En kyk soos hy nog nooit in al sy lewe gekyk het nie....

